

Trimen se valstiermot



Agoma trimenii

Hoër takson: Lepidoptera: Noctuidae: Agaristinae

Sinonieme: *Aegocera trimenii*, *Aegoceropsis trimenii*, *Mitophrys agoma*, *Aegocera elegulata*, *Mitophrys halans*, *Tuerta ovifera*, *Aegocera tricolor*

Trimen se valstiermot is 'n baie onbekende mot wat onlangs bevestig is as 'n pes van wingerde in Suid-Afrika. Dit is inheems aan en wydverspreid in suidelike Afrika en is hoofsaaklik 'n pes van druiwe langs die Oranjerivier in die Noord-Kaap, in Brits in die Noord-Wes en in Groblersdal in Limpopo.

Larwes is spesifiek tot inheemse en indringer wingerd gashere en veroorsaak skade deur te voed op die wingerd blare. Gedurende sporadiese uitbrake, wat al meer algemeen raak, kan ontblaring op groot skaal plaasvind.

Tot op hede (Okt 2017), is geen insekdoders geregistreer teen Trimen se valstiermot nie, geen natuurlike vyande is geïdentifiseer nie en geen geïntegreerde beheermaatreëls is ontwikkel nie. Baie navorsing moet nog gedoen word op die biologie en beheer van hierdie pes.



Trimen se valstiermot, *Agoma trimenii*, ruspe.



Trimen se valstiermot, *Agoma trimenii*, volwassene. Van: .

http://www.africanmoths.com/pages/NOC_TUIIDAE/AGARISTINAE/agoma%20trimenii.htm

Trimen se valstiermot




Agoma trimenii

BIOLOGIE

Trimen se valstiermot is 'n tipiese nagmot. Volwassenes vlieg in die aand en is aangetrokke tot lig. Wyfies lê enkel eiers op wingerd blare. Hierdie broei dan uit na omtrent drie dae en larwes word dikwels gesien waar hul hang met sydrade vanaf wingerd blare. Larwes val grond toe en vorm papies in die grond. Omdat die pes nog nie in detail nagevors is nie, is dit onbekend watter faktore die verspreiding en getalle van die pes in wingerde beïnvloed. Min is ook bekend oor ontwikkelings drempels en die lengte van generasies.

EKONOMIESE BELANG

Van 2005 af, het Trimmen se valstiermot 'n toenemende skadelike pes geword op tafel en druiwe wingerde in Suid-Afrika. Larwes se voeding op wingerde kan lei tot grootskaalse ontblaring van wingerde. Populasies piek tussen Oktober en Maart. Uitbrake van die pes in Noord-Kaapse wyn- en tafeldruiwe het begin in 2008 en gebeur meestal in Januarie wanneer wyn druiwe geoes word. In Groblersdal in Limpopo gebeur uitbrake meestal in Desember.



Trimmen se valstiermot, *Agoma trimenii*, volwassene illustrasie, bleek vorm. Van: Wien, K.K. (1861- 1875).

GASHEER PLANTE

Die enigste bekende gasheer plante van die larwes is inheemse en indringer wingerdplante.

Algemene naam	Wetenskaplike naam	Familie
Wingerd	<i>Vitis</i> spp.	Vitaceae
Wilde druiw	<i>Cissus quadrangularis</i>	Vitaceae
Kruiper	<i>Cyphostemma cirrhosum</i>	Vitaceae
Wilde druiw	<i>Rhoicissus digitata</i>	Vitaceae

Trimen se valstiermot



Agoma trimenii

IDENTIFIKASIE

Eier

Grootte: 0.7 mm deursnit

Duur: 3 dae

Eers geel, maar word roomkleurig met bruin merke soos wat hul verouder. Word enkel gelê op die blare van wingerde.

Larwe

Eerste vervellingstadium grootte: 3 mm lank

Eers roomwit van kleur, latere stadia het helder swart en geel bande oor die toraks en buik. Kop en knop aan abdominale kant van liggaam is albei oranje. Lang, vaal hare verskyn oral op die liggaam. Latere vervellingstadia kan hoofsaaklik swart wees.

Papie

Donkerkleurig, in grond.

Volwassene

Grootte: 54 mm vlerkspan

Voorvlerke grys-swart met 'n roomkleurige ovaal kol naby die punt en 'n driehoekige room kol naby die basis. Agtervlerke geel tot oranje met 'n swart band langs die rand. Buik oranje met 'n swart streep al langs die middellyn.



J. De Waal

Trimen se valstiermot eier.



J. De Waal

Trimen se valstiermot. Vervellingstadia larwes en kleur morfe.



J. De Waal

Trimen se valstiermot volwassenes.



J. De Waal

Trimen se valstiermot papie.

Trimen se valstiermot



Agoma trimenii

BESTUUR

Monitering

Monitering van Trimen se valstiermot moet gedoen word saam met monitering van ander peste in Suid-Afrikaanse wingerde, teen die standaard van algemene protokols.

Voorkoming

Daar is geen bekende voorkomingsmaatreëls vir hierdie pes nie. Soos vir alle peste moet die verskeidenheid en getalle van natuurlike vyande aangemoedig word so bes moontlik deur aanvulling van parasiete en die vermyding van die oorgebruik van insekdoder.

Beheermaatreëls

Geen insekdoders is geregistreer vir die beheer van Trimen se valstiermot nie, maar proewe is al uitgevoer met produkte wat *Bacillus thuringiensis* bevat. Beheermiddels wat gebruik word teen ander mot peste sal hopelik effektief wees teen hierdie spesie ook. Insekdoder behandeling moet vermy word aangesien dit kan lei tot uitbrake van sekondêre peste. Rotasie van insekdoders moet ook toegepas word soveel as moontlik om die ontwikkeling van weerstand teen insekdoders te voorkom.

Natuurlike vyande (biologiese beheer)

Geen informasie is beskikbaar vir die natuurlike vyande van Trimen se valstiermot nie, maar daar word gehoop dat parasiete van Noctuidae ook effektief sal wees teen die mot.

Lokmiddels en –valle (feromonale beheer)

Geen feromoon is al geïsoleer vir hierdie pes nie.



Trimen se valstiermot skade.

Trimen se valstiermot




Agoma trimenii

KWARANTYN REGULASIES

Trimen se valstiermot word nêrens in die wêreld erken as 'n kwarantyn pes nie.

VERSPREIDING

Trimen se valstiermot is inheems aan en wydverspreid in suidelike Afrika. Dit word ook in 'n mindere mate gevind in Sentrale, Wes en Oos Afrika. In Suid-Afrika is dit aangemeld op druiwe langs die Oranjerivier in die Noord-Kaap, van Brits in Noord-Wes en van Groblersdal in Limpopo.



Trimen se valstiermot, *Agoma trimenii*, verspreiding. Data van www.africanmoths.com. Kaart deur C.S. Bazelet.

VERWYSINGS

- Goff R. (2017) *Agoma trimenii*. African Moths. <http://www.africanmoths.com/pages/NOCTUIDAE/AGARISTINAE/agoma%20trimenii.htm>
- Allsopp E., Barnes B.N., Blomefield T.L., Pringle K.L. 2015. Grapevine. In: Prinsloo G.L., Uys V.M. (Eds.) *Insects of cultivated plants and natural pastures in southern Africa*. Entomological Society of Southern Africa, Hatfield, pp. 420-437.
- Kroon D.M. (1999) *Lepidoptera of southern Africa. Host plants and other associations. A catalogue*. Lepidopterists' Society of Africa, Sasolburg, South Africa.
- Pretorius J.D., Zaayman J.L., Van den Berg J. 2012. Confirming the pest status of Trimen's false tiger, *Agoma trimenii* (Felder) (Lepidoptera: Agaristidae), on grapevines in South Africa. *African Entomology* 20: 198-200.

